# Die inligtingbehoeftes van Afrikaans T1-onderwysers

Maritha Snyman

Departement Inligtingkunde
Universiteit van Pretoria
Republiek van Suid-Afrika
mesnyman@postino.up.ac.za

Danielle Heyns

Skool vir Onderwysersopleiding
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit van Pretoria
Republiek van Suid-Afrika
danielle.heyns@up.ac.za

## Abstract

This article reports on an investigation into the information needs of Afrikaans L1 language teachers in South Africa. The main data collection methods were focus group discussions, a questionnaire and unstructured interviews. The most important information needs that were identified, were those pertaining to classroom activities, curricula and supportive study material. Interesting differences between the information needs of primary and high school teachers were found. Factors that impact on the information needs of Afrikaans L1 teachers are, among others, the changing curriculum, the nature of languages as a subject, a high workload, extramural activities and pressures with regard to examination results. The research revealed that it is of the utmost importance that those who have to supply language teachers with information are aware of their information needs in order to improve the standard of language teaching in South Africa.

## 1 Inleiding

Onderwysers is opvoeders en speel ’n deurslaggewende rol in die verskaffing van inligting. Inligting bemagtig mense (Kaniki 1995, 16) en rus hul toe met die mag om gefundeerde keuses te maak en op ’n ingeligte wyse op te tree (Mchombu 2000, 39–67). As onderwysers weet hoe, waar en wanneer om

T1 verwys na Afrikaans eerste taal, of huistaal volgens die Hersiene Nasionale Kurrikulum.

 © Unisa Press ISSN 0027-2639 Mousaion 22 (2) 2004 pp. 212–229

inligting te kry en dit te gebruik, sal dit nie alleen die standaard van hulle onderrig verbeter en hulle help met voorbereiding vir klaskamerpraktyk nie, maar sal dit ook deurfiltreer na die leerders en die gemeenskap (Oosthuizen 1997, 233). Om hulle taak behoorlik uit te voer, moet inligting vir onderwysers dus vrylik bekombaar en toeganklik wees. Jackson (2002) beweer tereg: 'Teaching is a tough job and teachers deserve support'. Om vrylik toegang tot relevante inligting te hê, is van die belangrikste ondersteuning wat onderwysers nodig het om hulle werk met groter bekwaamheid uit te kan voer.

Sonder 'n deeglike begrip van wat onderwysers se inligtingbehoeftes is, kan hierdie ondersteuning egter nie aan hulle verleen word nie. Tog bestaan daar weinig omvattende en resente ondersoeke na die inligtingbehoeftes van Suid-Afrikaanse onderwysers. Slegs twee studies kon opgespoor word. Oosthuizen (1997) het ondersoek ingestel na die inligtingbehoeftes van onderwysers op Orange Farm en Pretorius (1994) het die inligtingbehoeftes van Biologie-onderwysers nagevors.

Die studie ter hand is, sover vasgestel kon word, die eerste poging om navorsing te doen oor die inligtingbehoeftes van taalonderwysers in Suid-Afrika. Hierdie studie fokus spesifiek op die inligtingbehoeftes van Afrikaans T1-onderwysers, maar in die loop van die navorsingsproses is daar ook data verkry oor die inligtingbehoeftes van Afrikaans T2- en T3-onderwysers.[1] Hierdie navorsing oor die inligtingbehoeftes van Afrikaansonderwysers was deel van 'n groter navorsingsprojek wat gerig was op die totstandkoming van 'n web-gebaseerde inligtinghulpbron vir Afrikaansonderwysers (Heyns 2002). Die bepaling van hulle inligtingbehoeftes was die eerste belangrike fase van die navorsing, omdat 'n profiel van hulle inligtingbehoeftes die aard en formaat van die webtuiste sou bepaal.

Die resultate van die navorsing is egter ook van waarde vir alle inligtingverskaffers wat taalonderwysers, en spesifiek Afrikaansonderwysers, moet bemagtig. Dit sluit in rolspelers soos die Departement van Onderwys, opleidingsentrums vir onderwysers, bibliotekarisse, uitgewers en ander verspreiders en skeppers van onderwysmateriaal vir hierdie teikengroep.

Die doel van hierdie artikel is gevolglik om verslag te doen van die navorsing waarin gepoog is om die inligtingbehoeftes van Afrikaans T1-onderwysers te identifiseer.

## 2 Inligting en inligtingbehoeftes: gedefinieer

Die aksioma 'inligting is mag' is oorbekend. In die huidige inligtingsamele-

wing word inligting beskou as een van die 'linchpins that holds our organizations together' (Long 1995) – en 'n bate wat met nougesetheid bestuur moet word (Laribee 1992). Inligting bied ondersteuning by besluitneming en probleemoplossing en verhoog werkverrigting. Inligting verminder onsekerheid en help individue om oplossings vir probleme te vind (Mchombu 2000, 39–67).

Maar wat is inligting? Daar word algemeen aanvaar dat daar nie 'n algemeengeldige definisie vir inligting bestaan nie (Belkin 1978; Rhode 1986). Losee (1997) definieer *inligting* as die 'characteristics of the output of a process, these being informative about the process and the input'. Daar word ook onderskei tussen *data*, *inligting* en *kennis*. *Data* verwys gewoonlik na 'n stel simbole, feite of konsepte met geen of weinig betekenis nie, terwyl *inligting* wel betekenis dra (Meadow en Yuan 1997, 701). *Kennis*, daarenteen, impliseer begrip wat tot aksie en die vestiging van waardes lei (Prasad 1992, 7). Mense het dus inligting nodig om probleme op te los, kreatief op te tree, te beplan en vrae te beantwoord (Du Toit 1986, 12). Inligting is egter slegs van waarde indien dit spesifieke betekenis vir 'n persoon in 'n spesifieke situasie het en daartoe bydra om die persoon iets te laat doen of 'n besluit te laat neem (Blom 1981, 34).

In hierdie artikel verwys *inligting* na daardie inligting wat Afrikaanstaalonderwysers op 'n daaglikse basis benodig om die kurrikulum te interpreteer, lesbeplanning te doen en leerders effektief te onderrig. Inligting moet agtergrond vir lesse verskaf; onderwysers bemagtig om keuses uit te oefen ten opsigte van assessering, administratiewe take en klaskamerpraktyk en wenke vir addisionele aktiwiteite bevat. Inligting is, opsommenderwys, dit wat Afrikaanstaalonderwysers nodig het om hulle professionele pligte na te kom.

Die begrip *inligtingbehoefte* is ewe ontwykend as die begrip *inligting*. Verskeie moontlike benaderingswyses ten opsigte van inligtingbehoeftes word in die literatuur aangetref (Rhode 1989). Dit lyk egter of inligtingbehoeftes normaalweg manifesteer wanneer daar 'n onvermoë bestaan om in effektiewe interaksie met die wêreld te tree. Inligtingbehoeftes is egter nie staties nie, maar verander voortdurend soos wat die konteks, agtergrond, professionele oriëntering sowel as die sosiale, politieke en ekonomiese omstandighede van die gebruiker verander.

Vir die doeleindes van hierdie artikel verwys inligtingbehoeftes na die gapings in die kennis van Afrikaans T1-onderwysers. Dit is die inligting wat hulle nie het nie, maar benodig om lesse of leeraktiwiteite aan te bied of te beplan. Dit kan onder meer die korrekte weergawe van 'n gedig, 'n verduideliking van die terminologie van die nuwe kurrikulum,[2] voorbeelde van toepassings daarvan of agtergrondinligting oor die outeur van 'n voorgeskrewe boek insluit.

## 3 Die inligtingbehoeftes van onderwysers

In die meeste beroepe word eise groter en organisasies wat vinnig en effektief toegang tot inligting het, geniet ’n kompeterende voordeel (Nelson 2002; Nicholas en Martin 1997; Long 1995). Die sukses van individue en organisasies hang saam met hulle vermoë om die inligting wat hulle nodig het, te vind, te analiseer en vaardig en toepaslik te gebruik (Nelson 2002).

Die Educational Resources Information Center (ERIC) in die Verenigde State van Amerika (VSA) het omvattende navorsing gedoen om te bepaal wat die inligtingbehoeftes van onderwysers is en watter tipe inligting onderwysers sou gebruik as ’n sentrale inligtingbron aan hulle beskikbaar gestel sou word (Clay 1985). Onderwysers het voorsien dat hulle inligting oor die volgende 12 sake (geplaas in volgorde van belangrikheid) sou benodig: praktiese klaskamerwenke, leeraktiwiteite, studie-eenhede, hulpmiddels en agtergrond-materiaal, samevatting van lesidees uit joernale, kort opsommings van navorsingsprojekte, riglyne oor die implementering van die kurrikulum, lesplanne, verwysingsmateriaal, speletjies en legkaarte, geannoteerde biblio-grafieë, en werkkaarte. Clay (1985) toon egter ’n diskrepans aan tussen wat die onderwysers dink hulle nodig het en watter inligting hulle in werklikheid aangevra het. In Tabel 1 word nege geantisipeerde inligtingbehoeftes naas nege werklike inligtingsnavrae van onderwysers gestel in volgorde van belangrikheid. Die diskrepans tussen die twee lyste dui die kompleksiteit van inligtingbehoeftes by onderwysers aan wat varieer volgens die eise van die daaglikse onderwyspraktyk.

In ’n Suid-Afrikaanse ondersoek na die inligtingbehoeftes van onderwysers by Orange Farm (Oosthuizen 1997) is inligting oor leermetodes as die belangrikste geag, gevolg deur kennis van die vakgebied. Hoe om leerlinge met probleme te hanteer, is ook as ’n belangrike inligtingbehoefte aangedui.

Hierdie enkele voorbeelde uit bestaande navorsing is nie net ’n indikasie van die soort inligting waaraan onderwysers ’n behoefte het nie, maar dui ook aan watter soort inligting hulle werklik in die praktyk benodig. Dit is duidelik dat onderwysers behoefte aan veelsoortige inligting op ’n voortdurende basis het.

TABEL 1

'n Vergelyking tussen geantisipeerde en werklike inligtingbehoeftes van Amerikaanse onderwysers (Clay 1985)

| | **Verwagte inligtingbehoeftes** | **Inligtingsnavrae** |
|---|---|---|
| 1 | Praktiese klaskamerwenke | Kort opsommings van navorsingsprojekte |
| 2 | Leeraktiwiteite | Riglyne oor die implementering van die kurrikulum |
| 3 | Studie-eenhede | Hulpmiddels en agtergrondmateriaal |
| 4 | Hulpmiddels en agtergrond-materiaal | Leeraktiwiteite |
| 5 | Samevatting van lesidees uit joernale | Geannoteerde bibliografieë |
| 6 | Kort opsommings van navorsingsprojekte | Praktiese klaskamerwenke |
| 7 | Riglyne oor implementering van die kurrikulum | Studie-eenhede |
| 8 | Lesplanne | Uitgewerkte lesse |
| 9 | Verwysingsmateriaal | Handboeke (resensies en bekendstellings) |

## 4 Die inligtingbehoeftes van taalonderwysers

Daar word van taalonderwysers verwag om leerders op te lei tot bekwame sprekers, luisteraars, lesers en skrywers van 'n taal. Hierby voeg die Suid-Afrikaanse Nasionale Kurrikulumverklaring ook nog vaardighede soos dink, kyk, taalgebruik en kennis van die taalstruktuur (Departement van Onderwys 2002). Dis ook die plig van taalonderwysers om leerders te skool in die konvensies van die verskillende literêre genres, te wete poësie, prosa (roman en kortverhale) en dramas. In hul professionele hoedanigheid word daar ook nog van taalonderwysers verwag om op hoogte te bly van die jongste ontwikkelings in klaskamerpraktyk, assesseringstrategieë, kinder- en jeugliteratuur, taaldebatte, sowel as resente navorsing oor enige een van die voorafgaande.

Fillmore en Snow (2000) kom tot die gevolgtrekking dat die inligtingbe-

hoeftes van taalonderwysers betrokke by aanvangsonderwys in die volgende kategorieë geplaas kan word:

- kurrikuluminligting
- opvoedkundige aspekte
- die didaktiek van taalonderrig
- opvoedkundige linguistiek (taalverwerwing en die ontwikkeling van geletterdheid)
- taalstruktuur (grammatika, semantiek, leksikon en spelling)
- strategieë vir die onderrig van lees, skryf en praat.

Hierdie lys van kennis, bevoegdhede, verantwoordelikhede en aktiwiteite van taalonderwysers benadruk die vereiste dat taalonderwysers oor spesialiskennis van 'n wye verskeidenheid onderwerpe moet beskik. Dit is bykans 'n onbegonne taak om ingelig te bly oor ontwikkelings en publikasies in kinder- en jeugliteratuur én onderwysbeleid, nuwe navorsing oor onderwyspraktyk én onderrigstrategieë en ook nog op hoogte te wees van metodes oor hoe om ontwikkelings ten opsigte van tegnologie en globalisering in die klaskamer te integreer. Dit is dus uiters noodsaaklik dat taalonderwysers deurlopende toegang tot goeie, relevante en beskikbare inligting het.

In die volgende afdeling word die navorsingsmetodologie wat gebruik is om die inligtingbehoeftes van Afrikaans T1-onderwysers in die huidige Suid-Afrikaanse onderwysopset beter te verstaan, nader omskryf.

## 5 Navorsingsmetodologie

'n Behoefte-analise is gewoonlik 'n onderafdeling van evaluasienavorsing (Cohen et al. 2001, 390). Data vir behoefte-analises kan óf deur middel van kwantitatiewe data-insamelingsmetodes (gestruktureerde onderhoude, vraelyste, ensovoorts) óf deur middel van kwalitatiewe data-insamelingsmetodes (ongestruktureerde onderhoude, fokusgroepbesprekings, observasies, ensovoorts) verkry word. Sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe data-insamelingsmetodes is vir die doeleindes van hierdie navorsing gebruik.

Kwantitatiewe data is ingesamel deur 'n vraelys wat, onder meer, saamgestel is om die inligtingbehoeftes van Afrikaans T1-onderwysers te ondersoek. 'n Groep Afrikaans T1-onderwysers wat 'n werkswinkel, aangebied deur die Departement Afrikaans by die Universiteit van Pretoria in September 2000 bygewoon het, is gevra om vraelyste te voltooi wat grotendeels uit geslote vrae bestaan het. Daar is dus van nie-ewekansige steekproeftrekking gebruik gemaak wat dikwels gebruik word by aksie-navorsing of kleiner navorsingsprojekte (Cohen et al. 2001, 102). Die vrae oor die inligtingbehoeftes van Afrikaans T1-onderwysers is ingesluit in 'n groter vraelys wat gerig was op

die totstandkoming van 'n web-gebaseerde inligtinghulpbron vir Afrikaans-onderwysers soos hierbo genoem. Weens finansiële beperkings is respondente betrek wat redelik maklik bekombaar was.

Kwalitatiewe data is ingesamel deur middel van fokusgroepbesprekings met individue van dieselfde groep. Ongestruktureerde onderhoude is met twee vakadviseurs van Afrikaansonderwysers gevoer. Hierby is ook nog korrespondensie van onderwysers aan 'n vak-spesifieke webwerf vir Afrikaansonderwysers versamel en ontleed as addisionele meganisme om die data te verifieer.[3]

Van dieselfde respondente wat die vraelys voltooi het, het tydens dieselfde geleentheid aan die fokusgroepbesprekings deelgeneem. Deur fokusgroepbesprekings word dikwels ryker data bekom as deur middel van geslote vraelyste (Cohen et al. 2001, 288). Hierdie fokusgroepbesprekings het uitgebreide gesprekke ontlok rondom die sentrale vraagstuk, naamlik watter inligting Afrikaans T1-onderwysers nodig het om hulle professionele pligte te vervul. Twee fokusgroepbesprekings is gefasiliteer: een met laerskool- en een met hoërskoolonderwysers. Die terugvoer van hierdie twee fokusgroepbesprekings aan die groter groep onderwysers, is gedokumenteer en die lyste met inligtingbehoeftes wat onderwysers in kleiner groepies opgestel het, is versamel. Die data is geanaliseer en gekategoriseer.

Ongestruktureerde onderhoude is in Oktober 2002 met vakadviseurs van twee provinsies, Gauteng en Noord-Wes, gevoer om vas te stel wat – volgens hulle ervaring – die vernaamste inligtingbehoeftes van Afrikaans T1-onderwysers is. Notas wat afgeneem is tydens hierdie onderhoude, is ook geanaliseer om patrone in die inligtingbehoeftes van Afrikaans T1-onderwysers te bepaal en te vergelyk.

Die webmeester van *Die Goudmyn* ontvang dikwels navrae van leerders, ouers en onderwysers oor 'n groot verskeidenheid sake wat verband hou met die onderrig van Afrikaans. Alle korrespondensie van gebruikers word uitgedruk en geliasseer. Die korrespondensie afkomstig van onderwysers wat navrae oor die onderrig van Afrikaans bevat het, is versamel en ontleed. So kon die reële inligtingbehoeftes van Afrikaansonderwysers in 'n mate bepaal word.

### *Geldigheid en betroubaarheid*

Die data vir hierdie studie is uit die vier verskillende bronne saamgestel en daar is gebruik gemaak van 'n verskeidenheid data-insamelingsmetodes. Op dié wyse is die betroubaarheid van die data verhoog en kon vooroordele aan die kant van die navorser geïdentifiseer en gekorrigeer word.

Omdat die werkswinkel waartydens die vraelyste ingevul en die fokusgroep-

bespreking plaasgevind het, in Pretoria gehou is, was ’n voorspelbare 76,9 persent van die deelnemers van Gauteng afkomstig. Die resultate van hierdie studie gee dus nie ’n verteenwoordigende beeld van die inligtingbehoeftes van Afrikaans T1-onderwysers uit ander provinsies weer nie.

Die beperkings van die nie-ewekansige steekproeftrekking word ook erken. Bevindings kan gevolglik nie veralgemeen word as synde inligtingbehoeftes van alle Afrikaans T1-onderwysers in Suid-Afrika nie. Die studie verskaf nietemin waardevolle riglyne waarvolgens verdere navorsing oor hierdie probleem onderneem kan word.

### *Profiel van die respondente*

Van die 78 onderwysers wat die vraelyste voltooi het en deelgeneem het aan die fokusgroepbespreking, het 46 persent Afrikaans T1 by laerskole onderrig teenoor die 54 persent wat by hoërskole betrokke was. Die meerderheid, 70,5 persent, was afkomstig van stedelike gebiede, terwyl slegs 29,5 persent uit plattelandse gebiede gekom het.

Soveel as 57,9 persent van die respondente het aangedui dat hulle nog altyd Afrikaans T1 onderrig het, teenoor 42,1 persent wat vir die eerste keer ’n betrokkenheid by die vak aangedui het.

Dit het duidelik geblyk dat veranderlikes soos die geografiese ligging van skole, die onderwysers se kwalifikasies, ouderdomme, of posisies wat hulle beklee het tydens die navorsing, bykans geen invloed op die resultate gehad het nie. Die enigste veranderlike wat ’n beduidende invloed op die resultate uitgeoefen het, was die verskil tussen die inligtingbehoeftes van laer- en hoërskoolonderwysers. Meer inligting hieroor sal tydens die bespreking van die bevindings verskaf word.

## 6 Bespreking van die bevindings

Die bevindings wat afgelei is van die geanaliseerde data wat ingesamel is deur middel van die vraelyste, fokusgroeponderhoude, ongestruktureerde onderhoude en dokumentanalise sal vervolgens bespreek en vergelyk word.

### *Vraelyste*

Die respondente het die geleentheid gehad om deur middel van die vraelys, op ’n skaal van 1 tot 3 (1 = baie belangrik; 2 = minder belangrik; 3 nie belangrik), aan te dui aan watter inligting hulle die grootste behoefte het. Tabel 2 dui aan watter persentasie van die respondente inligting oor die onderstaande sake as ‘baie belangrik’ geag het.

TABEL 2

Vernaamste inligtingbehoeftes van respondente

| **Belangrikheid van inligting oor** | **Persentasie** |
|---|---|
| Idees vir lesse | 85,5 |
| Lesplanne | 84,2 |
| Nuwe handboeke | 81,6 |
| Eksamens en toetse | 78,9 |
| Voorgeskrewe werke | 78,9 |
| Uitkomsgebaseerde onderwys | 74,7 |
| Skoolpublikasies | 66,7 |
| Eietydse taalkwessies | 64,5 |
| Resensies van nuwe kinder- en jeugboeke | 64,5 |
| Debat en openbare redevoering | 56,6 |
| Afrikaanse outeurs | 45,9 |
| Kompetisies | 41,7 |

Hierdie resultate toon nie net aan hoe groot die behoefte aan inligting is nie, maar ook hoe uiteenlopend die inligtingbehoeftes van die onderwysers is. Dit sluit inligting oor kernaspekte van taalonderrig in, sowel as inligting oor aspekte wat op die periferie van taalonderrig lê.

Die dringendste behoefte is aan inligting oor idees om die leerinhoud van leerplanne op lewendige en kreatiewe wyse oor te dra. Die afleiding kan gemaak word dat onderwysers wat jaar na jaar dieselfde inhoud aan die leerders moet oordra, nie die tyd of inspirasie het om dit telkens nuut aan te bied nie. Naas nuwe idees, is die behoefte aan lesplanne (84,2 persent) die grootste. Aangesien onderwysers in Suid-Afrika ten tye van die vraelys ’n radikaal nuwe kurrikulum en ook ’n verskuiwing in die onderrigparadigma moes baasraak, is die behoefte aan lesplanne om die werklas te verlig, verstaanbaar.

Die inligting waaraan onderwysers die minste behoefte het (41,7 persent) is

buite-kurrikulêre kompetisies, soos die Afrikaans Ekspo en die Afrikaanse Olimpiade. Aangesien dit nie sentraal tot klaskameraktiwiteite staan nie en bykomende verantwoordelikheid aan die kant van die onderwyser daarvoor verlang word, is dit te verwagte.

Op ’n vraag in die vraelys of Afrikaans T1-onderwysers inligting verlang om rekenaarvaardighede in die Afrikaanskurrikulum te integreer, het 95 persent van die respondente aangedui dat hulle leiding in dié verband nodig het.

Respondente beskou inligting as onontbeerlik en het ’n wye verskeidenheid inligting nodig om hulle professionele pligte te vervul.

*Fokusgroepbesprekings*

Die fokusgroepbesprekings het induktief data gegenereer oor watter inligting Afrikaans T1-onderwysers dink hulle nodig het. ’n Analise van die fokusgroepbesprekings het die bevindings van die vraelyste ondersteun. Die meeste van die respondente het dieselfde inligtingbehoeftes gehad. Hulle inligtingbehoeftes het ’n wye verskeidenheid onderwerpe gedek, inligting oor klaskamerverwante-aktiwiteite is as die hoogste behoeftes aangedui, maar hulle het ook ’n behoefte aan inligting oor buite-kurrikulêre bedrywighede aangetoon. Tabel 3 dui die resultate van die fokusgroepbesprekings per kategorie aan.

TABEL 3

INLIGTINGBEHOEFTES VAN AFRIKAANS T1-ONDERWYSERS

| **Kategorie** | **Behoefte aan inligting oor** |
|---|---|
| Onderrig in die klaskamer | • Voorbeelde van uitkomsgebaseerde lesplanne<br>• Die korrekte weergawes en besprekings van voorgeskrewe gedigte<br>• Wenke vir grammatika-onderrig<br>• Temas vir kreatiewe skryfwerk<br>• Leeslyste, veral kinder- en jeugliteratuur<br>• Blokkiesraaisels<br>• Humoristiese tekste om in die klaskamer te gebruik<br>• Toonsettings van voorgeskrewe gedigte<br>• Lesplanvoorbeelde vir uitkomsgebaseerde onderwys |

Tabel 3 (vervolg)

| Kategorie | Behoefte aan inligting oor |
|---|---|
| Assesseringstrategieë | • Voorbeelde van assesseringsverslae<br>• Leiding i.v.m. die opstel van eksamenvraestelle<br>• Toetse en memorandums |
| Buitemuurse aktiwiteite | • Inligting oor kompetisies vir leerders<br>• Onderwerpe vir redevoering<br>• Geskikte toneelstukke<br>• Publikasies van leerlinge se eie gedigte |
| Professionele ontwikkeling | • 'n Indeks van die artikels in ***Klasgids***<br>• 'n Kalender van gebeure relevant vir die Afrikaansonderwyser<br>• Bekendstellings en resensies van nuwe handboeke<br>• Nuus oor onlangse ontwikkelings in Afrikaanse literatuur<br>• Beroepsgeleenthede vir onderwysers |

*'n Vergelyking tussen die resultate van die vraelyste en die fokusgroepbesprekings*

Die bevindings van al twee die data-insamelingsmetodes dui aan dat die belangrikste inligtingbehoefte verband hou met idees oor hoe om leermateriaal kreatief aan te bied. Daarnaas is die beduidendste ooreenkomste in die respondente se terugvoering, die behoefte aan inligting oor die volgende:

- Lesplanne
- Uitkomsgebaseerde onderrig
- Eksamenvrae en toetse
- Nuwe handboeke
- Afrikaanse literatuur
- Kompetisies vir leerlinge

Die bevindinge van hierdie studie kom in breë trekke ooreen met die inligtingbehoeftes wat in soortgelyke navorsing geïdentifiseer is en wat reeds vroeër in die artikel bespreek is. Inligting oor klaskameraktiwiteite (lesplanne, -idees en assessering), die voorgeskrewe kurrikulum (uitkomsgebaseerde

onderwys en inhoud-spesifieke riglyne) en ondersteunende studiemateriaal (agtergrondinligting en speletjies), word as baie belangrik geag.

*Verskille tussen inligtingbehoeftes van laer- en hoërskoolonderwysers*

Anders as laerskoolonderwysers het hoërskoolonderwysers inligting wat hulle kan help met eksamens, toetse, voorgeskrewe tekste en boekresensies belangriker geag as inligting wat onderrig sou kon verbeter. Die wesenlike verskil tussen die inligtingbehoeftes van laer- en hoërskoolonderwysers word in Tabel 4 aangedui.

**TABEL 4**

VERSKILLE TUSSEN DIE INLIGTINGBEHOEFTES VAN LAER- EN HOËRSKOOLONDERWYSERS

| Belangrikheid van inligting oor | Hoërskool | Laerskool | *p- waardes |
|---|---|---|---|
| Eksamens en toetse | 85,37 | 71,48 | 0,143 |
| Voorgeskrewe tekste | 90,24 | 65,71 | 0,002 |
| Uitkomsgebaseerde onderwys | 69,23 | 80,56 | 0,460 |
| Afrikaanse outeurs | 39,02 | 54,55 | 0,407 |
| Resente taalkwessies | 63,41 | 65,71 | 0,900 |
| Resensies van nuwe boeke | 70,73 | 57,14 | 0,327 |
| Openbare redevoering en debat | 54,76 | 58,82 | 0,916 |
| Skoolpublikasies | 61,90 | 72,73 | 0,251 |
| Vakverwante kompetisies | 35,90 | 48,48 | 0,515 |
| Nuwe handboeke | 75,61 | 88,57 | 0,343 |
| Lesidees | 75,00 | 97,22 | 0,021 |
| Lesplanne | 70,00 | 100,00 | 0,002 |

(* Waar die p-waarde minder as 0,05 is, is die data statisties betekenisvol)

Die verskille tussen laer- en hoërskool onderwysers se inligtingbehoeftes kan

grootliks toegeskryf word aan die verskil in fokus van die twee groepe. In die intermediêre fase (graad 4–6) en die senior fase (graad 7–9) rig onderwysers hulle onderrig op die aanleer van effektiewe kommunikasievaardighede soos lees, skryf, luister en praat. Onderwysers is dus gedurig op soek na nuwe idees waardeur hulle hierdie vaardighede by hulle leerders kan inskerp. Die druk waaronder hoërskoolonderwysers (van veral grade 11 en 12) egter verkeer om goeie resultate tydens die matriekeindeksamen te lewer, beïnvloed klaarblyklik hulle inligtingbehoeftes in ’n besondere mate. In hierdie fase het hulle veral behoefte aan inligting wat sal verseker dat hulle leerders goed vaar in die eindeksamen.

*Onderhoude met vakadviseurs*

’n Analise van die ongestruktureerde onderhoude met vakadviseurs oor die inligtingbehoeftes van Afrikaansonderwysers, het die bevindinge van die vraelyste en die fokusgroepbesprekings bevestig. Dit sluit in die behoefte van Afrikaans T1-onderwysers aan hoërskole om inligting te bekom wat hulle in staat sal stel om goeie eksamenresultate te lewer. Omdat hulle kompetisiegedrewe is, verlang hulle ook inligting oor buite-kurrikulêre aktiwiteite. Aangesien hulle egter hulle leerders se werkverrigtinge in alle kategorieë wil verhoog, hunker hulle na inligting om ‘ou’ inhoud op nuwe maniere oor te dra. Nietemin is hulle bewus daarvan dat leerders se lees- en spelvaardighede onder verdenking is en soek leiding om hierdie tekortkominge van vroeg af die hoof te bied.

Afrikaans T1-onderwysers aan laerskole het behoefte aan inligting oor metodes om leerders se lees- en spelvermoë te verbeter. Hulle benodig ook meer inligting oor assessering en die implementering van die hersiene kurrikulum.

Onderhoude met vakadviseurs het veral die ernstige behoefte aan ondersteuning, indiensopleiding en ondersteunende leermateriaal vir Afrikaans T2- en T3-onderwysers belig. Hulle inligtingbehoeftes kan soos volg opgesom word:

- Inligting oor die praktyk van uitkomsgebaseerde onderrig: assesseringstrategieë, klaskamerbestuur en die fasilitering van groepsaktiwiteite.
- Inligting oor lesidees om leerlinge met woordeskat en taalstrukture te help.
- ’n Uitdruklike behoefte aan inligting oor paslike gedigte met kommentaar en vrae.
- Omdat baie van dié onderwysers Afrikaans nie perfek magtig is nie en self sukkel met woordeskat en literatuur, is daar ’n behoefte aan inligting oor waar om volledig uitgewerkte lesplanne te kry.

*Inhoudsanalise van korrespondensie met Die Goudmyn*

Weens die feit dat die webblad eers teen die einde van 2001 beskikbaar gestel is, is die navrae beperk en verteenwoordig dit ook net dié onderwysers wat toegang tot die Internet het. Tabel 5 gee voorbeelde van die tipe navrae wat by *Die Goudmyn* ontvang is (die navrae word woordeliks aangehaal).

TABEL 5

'N OPSOMMING VAN NAVRAE ONTVANG BY DIE GOUDMYN

| **Respondent** | **Navraag** |
|---|---|
| R1: Hoërskool (T1) | Ons ouens wat hierdie jaar die eerste keer met oubie-ee in graad 9 moes worstel is baie dankbaar vir hierdie webblad. Ons soek praktiese raad rondom assessering en die liewe ou portfolio. |
| R3: Hoërskool (T2) | Ek bied Afrikaans Tweede Taal aan hier in Hoërskool X en sukkel regtig met inligting oor die voorgeskrewe werke indien jy my kan help sal ek so bly wees. |
| R4: Hoërskool (T2) | Me X gee Afrikaans aan gr 8–12 in Nongoma, KwaZulu-Natal – pos asb. boeke/hulpmiddels. |
| R5: Laerskool (T2) | Ek gee Afrikaans by 'n privaatskool grade 6–7 waarvan die voertaal Engels is. Die skool het 'n uitstekende standaard en ek wil graag 'n liefde vir Afrikaans by die kinders kweek deur 'n voorgeskrewe boek te behandel. Kan U my enige voorstelle gee? Meld ook waar ek dit kan bekom asb. |
| R6: Laerskool (T2) | Ek is betrokke by die Laerskool X se brug klas. Die klas help swart leerlinge in die hoër grade van die laerskool om vlot in Afrikaans te kan kommunikeer. Ek het hulp, raad, leeslyste, enige iets nodig wat my kan help om die kinders se Afrikaans so goed te kry dat hulle 'n graad SUKSESVOL kan deurkom. Ek is spesifiek opsoek na boeke of web tuistes waar ek fonetiese leeslesse kan uitwerk vir die kinders. |

Die navrae was hoofsaaklik afkomstig van hoërskoolonderwysers (R1–R4), van wie slegs een T1-Afrikaans doseer (R1). Sowel die laer- as

hoërskoolonderwysers is Afrikaans T2-onderwysers. Hulle grootste inligtingbehoeftes is:

- Inligting oor die kurrikulum (OBE) en assessering – veral by die portefeulje.
- Korrekte interpretasie van en inligting oor voorgeskrewe gedigte.
- Boeke en hulpmiddels vir onderwysers in landelike areas.
- Idees oor, en aanbevelings vir, leesstof vir leerders wat Afrikaans T2 neem.

## 7 Opsomming van bevindings

Behalwe vir die behoefte aan inligting oor kurrikulum-implementering en idees wat die onderrigpraktyk kan vernuwe, verskil Afrikaansonderwysers se inligtingbehoeftes in ’n groot mate van Amerikaanse onderwysers (Clay 1985.) Vergelyk Tabel 1 in hierdie artikel. By Afrikaansonderwysers is daar ’n duidelike behoefte aan riglyne rondom assessering, toetse en eksamens, soos gesien kan word in Tabelle 2 en 3. Inligting oor die nuwe kurrikulum is ook deurgaans prominent (vergelyk Tabelle 2, 3 en 4).

## 8 Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat die inligtingbehoeftes van Afrikaansonderwysers die afgelope vier jaar in ’n groot mate deur ’n voortdurend veranderende kurrikulum beïnvloed is. Uitkomsgebaseerde Onderrig is in 1998 bekendgestel en die Hersiene Nasionale Kurrikulum (Kurrikulum 2005) sal vanaf 2005 stelselmatig geïmplementeer word. Weens die verandering van die kurrikulum – twee maal in vier jaar – is handboeke verouderd, bestaan daar ’n tekort aan ondersteunende onderrig- en leermateriaal en is die opleiding van onderwysers in baie gevalle ontoereikend. Onderwysers voel onseker oor die nuwe kurrikulum – veral oor die nuwe wyses van assessering.

By Afrikaans T1-onderwysers speel die volgende faktore ook ’n rol by die vorming van hulle inligtingbehoeftes:

- ’n Kompetisiegees
  - Interskool-kompetisies soos Akpol, die Afrikaans Ekspo, die Afrikaanse Olimpiade, ATKV- en ander redenaarskompetisies en dramakunskompetisies
  - Elite skole deel nie ondersteunende leermateriaal of idees met ander nie
  - Die hoeveelheid onderskeidings wat matrikulante behaal.
- ’n Eksamengedrewe benadering.
- Die behoefte aan nuwe maniere om ou idees oor te dra: die senior grade se voorgeskrewe literatuur is na nege jaar steeds onveranderd.

- ’n Hoë werklas: vele Afrikaans T1-onderwysers doseer nie slegs Afrikaans nie, maar bestuur ook kulturele aktiwiteite of is betrokke by sportafrigting.
- Druk van universiteite oor die onbevredigende standaard van taalvaardigheid by eerstejaarstudente.

By Afrikaans T2-onderwysers is dit die volgende faktore wat ’n invloed op hulle inligtingbehoeftes uitoefen:

- Ontoereikende indiensopleiding wat behoeftes aan inligting oor ondersteunende leermateriaal veroorsaak
- Gebrekkige vakkennis
- Weinig of geen toegang tot inligtingbronne nie
- ’n Negatiewe houding teenoor Afrikaans in sekere gemeenskappe.

Dit is klaarblyklik ’n veeleisende beroep om ’n Afrikaansonderwyser te wees. Die Afrikaansonderwyser moet kennis dra van taal, literatuur en onderrigmetodes; groot klasse fasiliteer; groot hoeveelhede werk nasien; buitemuurse aktiwiteite behartig en steeds leerlinge inspireer om bekwame en kreatiewe taalgebruikers te wees.

## 9 Aanbevelings

Dit is duidelik dat die inligtingbehoeftes van Afrikaanse taalonderwysers gedeeltelik bepaal word deur ’n veranderende kurrikulum, sosiale faktore en die druk van die professie. Om hulle professionele verpligtinge na te kom, is die disseminasie van relevante en toeganklike inligting aan hulle van kardinale belang. Baie kan gedoen word om Afrikaansonderwysers in hierdie verband te ondersteun.

Die volgende aanbevelings kan gemaak word:

- Die Departement van Onderwys kan ondersteuning op die volgende terreine bied:
  - Verbeterde indiensopleiding van onderwysers
  - Die ontwikkeling van leer- en onderrigmateriaal
  - Die aankoop van handboeke
  - Die befondsing van inisiatiewe.
- Universiteite moet in die samestelling van opleidingsprogramme die behoeftes van onderwysers in ag neem.
- Inligtingsverskaffers, soos uitgewers en biblioteke, moet eweneens kennis neem van Afrikaansonderwysers se inligtingbehoeftes en goeie gehalte inligting bekostigbaar verskaf.

- Afrikaanstalige koerante, soos Beeld moet voortbou op die Koerant-in-die-onderwysprojek.
- Daar moet gepoog word om gratis inligting op die Internet beskikbaar te stel.
- Onderwysers moet self streef na ’n kultuur van samewerking en mededeelsaamheid.
- Dit is van die uiterste belang dat inligtinghulpbronne behoefte-gerig, toeganklik, byderhand en bekostigbaar moet wees en inligting van goeie gehalte en ’n wye verskeidenheid bevat.

Jackson (2000, 5) beweer: ‘Teaching is a tough job and teachers deserve support’. Volgens Jackson kan voldoende inligtinghulpbronne meewerk ‘[to] motivate and empower teachers, assist them with day-to-day situations, provide avenues for lifelong professional development, and in short, [can] enrich teachers’ work lives and enhance their effectiveness’.

’n Studie soos hierdie bevestig weer eens dat onderwysers belangrike verbruikers van inligting is. Toegang tot betroubare en relevante inligting is van kardinale belang vir hulle om kwaliteitonderrig en leer te kan fasiliteer. Meer toegepaste navorsing soos hierdie studie kan ’n waardevolle bydrae lewer tot beter begrip van die eise van die onderwysprofessie, wat op sy beurt weer kan lei tot waardetoevoeging tot die onderwys deur verskeie inligtingverskaffers.

## Note

1 T1 verwys na Afrikaans eerste taal, of huistaal (volgens die Hersiene Nasionale Kurrikulum)

2 T2 en T3 verwys onderskeidelik na tweede en derde taal; of na die Eerste en Tweede Addisionele tale (volgens die Hersiene Nasionale Kurrikulum). Uitkomsgebaseerde Onderwys is in 1998 ingestel en Kurrikulum 2005 (of die Hersiene Nasionale Kurrikulum word van 2005 af in Suid-Afrikaanse skole ingefaseer

3 Die Goudmyn (www.onnet.up.ac.za) funksioneeer reeds sedert 2001 en bied omvattende inligting rakende die kurrikulum, klaskamerpraktyk, lesidees en die Afrikaanse vakgebied aan Afrikaansonderwysers.

## Bibliografie

Belkin, N. 1978. Information concepts for Information Science. *Journal of Documentation* 34 (1):55–85.

Blom, A. 1981. 'n Teoretiese model van die bestudering van die inligtingbehoeftes van wetenskaplikes. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde* 49 (1):34–38.

Clay, K. 1985. ERIC for practitioners. *ERIC Digest.* http://www.ed.gov/databases/ERIC_Digests/ed270101.html (besigtig 16 Februarie 2004).

Cohen, L., L. Manion and K. Morrison. 2001. *Research methods in education.* 5th ed. London and New York: Routledge/Falmer.

Departement van Onderwys. 2002. *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R–9. Beleid. Oorsig Afrikaans. Pretoria: Departement van Onderwys.

du Toit, A. S. A. 1986. Die inligtingbehoeftes van die nywerheidsbemarkingsnavorser. MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Fillmore, L. W. en C. Snow. 2000. *What elementary teachers need to know about language.* http://www.ca.org/ericcll/Teachers.pdf (Besigtig 5 Januarie 2004).

Heyns, D. 2002. Providing a Web-based information resource for Afrikaans first language teachers. MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Jackson, G. 2000. Technology for teacher support. *TechKnowLogia* 2 (6). http://www.techknowlogia.org (besigtig 14 Februarie 2004).

Kaniki, A. M. 1995. Exploratory study of information needs in the Kwa-Ngwanase (Natal) and Qumbu (Transkei) communities of South Africa. *South African Journal of Library and Information Science* 63 (1):9–19.

Laribee, J. F. 1992. Information resources management: topics, concepts, and resources for teaching IRM to business students. *Journal of IS Education* 4 (1). http://gise.org/JISE/Vol1-5/INFORM1.htm (besigtig 7 Maart 2003).

Long, D. 1995. *The Information organization.* http://www.chips.navy.mil/archives/95_jul/file12.html (besigtig: 17 Februarie 2002).

Losee, R. M. 1997. A discipline independent definition of Information. *Journal of the American Society for Information Science* 48 (3):254–269. http://www.ils.unc.edu/~losee/infodef.html (besigtig: 27 Oktober 2004).

Mchombu, C. M. 2000. Information needs of women in small businesses in Botswana, *International Information and Library Review* 32:39–67.

Meadow, C. T. en W. Yuan. 1997. Measuring the impact of information: defining the concepts. *Information Processing and Management* 33 (6):697–714.

Nelson, M. R. 2000. *We have the Information you want, but getting it will cost you: Being held hostage by information overload.* http://info.acm.org/crossroads/xrds1-1/mnelson.html (besigtig 10 Februarie 2004).

Nicholas, D. en H. Martin. 1997. Assessing information needs: A case study of journalists. *Aslib Proceedings* 49 (2):43–52.

Oosthuizen, B. L. 1997. Information needs of the teachers of Orange Farm. *South African Journal for Library and Information Science* 65 (4):227–233.

Prasad, H. N. 1992. *Information needs and users.* Varanasi: Indian Bibliographic Centre.

Pretorius, J. P. H. 1994. Die oordra van toepaslike inligting aan biologie-onderwysers in die Oranje-Vrystaat: 'n ondersoek na houdings, behoeftes en voorkeure. MA-verhandeling. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Rhode, N. F. 1986. Information needs. *Advances in Librarianship* 14:49–73.